


REISVERSLAG

**BESOEK AAN AUGRABIES NP, RIEMVASMAAK,
DIE K GALAGADI OORGRENSPARK (POLENTSWA 4x4 ROETE),
KHUTSE EN SENTRAAL KALAHARI WILD RESERVATE
EN KUBU EILAND
(April 2012)**



PERIODE : 15 April tot 29 April 2012

PLEKKE BESOEK :

Augrabies Valle Nasionale Park, Riemvasmaak, Spitzkoppe, Kgalagadi Oorgrens park (Rooiputs, Polenswa 4x4 Roete, Mabuachube), Khutse Wild Reservaat, Sentraal Kalahari Wild Reservaat (Xade, Pipers Pan, Sundays Pan, Deception Valley), Kubu Eiland (Suda Pan).

OPGESTEL DEUR: J.E. Aspinall
(06-02-2014)

Kopiereg op die inhoud en fotos word voorbehou.

1. INLEIDING

1.1 Wie het gery :

Die span vir hierdie heerlike reis het bestaan uit Nico en Elisma Schoeman van Durbanville in die Kaap, Gert en Elsabie Venter van Pretoria en die Aspinalls, John en Hermien van Pretoria.



1.2 Waarmee het ons gery :

Nico en Elisma met hul goed toegerusde 2008 Toyota Hilux 3.0 D-4D dubbelkajuit 4x4 diesel bakkie, Gert en Elsabie met hul 1994 Toyota Hilux 2.2 liter dubbelkajuit 4x4 volledig toegerus met net die minimum (hierdie twee weet hoe om net die nodigste saam te neem en hierdie ondervinding kom uit die menigte staproetes wat hulle al voltooi het) en ten slotte die Aspinalls in Hermien se 2004 Toyota Land Cruiser 4.2 liter enkelkajuit 4x4 met sy kampeer ombouing.




1.3 Oogmerk met hierdie reis :

Om saam met goeie vriende die Polentswa 4x4 roete in KTP te ry, en daarna Khutse en Sentraal Kalahari Wild Reservate te gaan verken. (Dit was ons almal se eerste besoek aan hierdie twee parke.) Verder om die ander pare ook aan ander ongelooflike plekke soos Augrabies, Riemvasmaak en Kubu Eiland bekend te stel.

1.4 Waar het ons ontmoet :

Daar was ooreengekom dat ons by Augrabies Nasionale Park bymekaar sou kom. Nico en Elisma vanaf die Kaap het ons reeds ingewag toe ons en Gert hulle saam Augrabies se kamp terrein binne ry laat die middag.

1.5 Die roete wat ons gevolg het :



Die pienk is die roete wat ons gery het terwyl Nico en Elisma die groen deel van die roete alleen gery het uit die Kaap uit en terug.

1.6 Grens formaliteite :

Ons het die grens formaliteite vir Botswana by Tweerevieren kamp afgehandel. Onthou asseblief, getrou aan ons RSA staatsamptenare se beleid, sluit die SA kant van die immigrasie en doeane afdeling stiptelik om vier in die middag, terwyl, aan die Botswana kant hul beskikbaar is totdat die Park se hekke saans sluit. Kom jy dus net na vier die middag by Tweerivieren se hek aan kan jy geen grenspos formaliteite afhandel nie voor die volgende oggend 7h30 nie. (Tragies maar waar !!). Let daarop dat indien jy weer by Tweerivierenhek uitkom al was jy aan die Botswana kant van die park, hoef jy nie deur paspoort beheer (immegrasie) te gaan nie.

1.7 Hoogtepunte :

- (a.) Die drie leeuwyfies wat tussen ons voertuie oornag net in ons kamp die aand by Sesatswe Pan op die Polenswa 4x4 roete.
- (b.) Die lekker saam kuier saans om die kampvuur met goeie vriende.

1.8 Laagtepunte :

- (a.) Die slegte sandpad tussen Khutse en Sentraal Kalahari Wild reservate. Vermoelyns hierdie pad. Dit mag soos 'n kortpad van die een park na die ander lyk

- maar dit is werklik nie 'n lekker pad nie. Ons het 'n volle dag geveg om die 265km tussen Khutse Moreswe Kamp No. 2 en Xade Kamp No. 2 in Sentraal Kalahari af te lê en as beloning het die dag ook byna geen diere gesien nie.
- (b.) Geen leeus of ander roofdiere teëgekom in Sentraal Kalahari of Khutse nie.
 - (c.) Die lokale kindertjies by Riemvasmaak wat die warmbron oorgeneem het en dit vir besoekers onaangenaam gemaak het om net in die heerlike water te sit en te kuier.

1.9 Erkenning aan ander fotografawe :

'n Baie spesiale woord van dank aan Nico, Elisma en Elsie vir die gebruik van 'n paar van die fotos wat hulle op hierdie reis geneem het, en sodoende gehelp het om hierdie reisverslag so volledig as moontlik te kon maak.

Dag 1, Saterdag 15 April 2013, Van Pretoria tot Augrabies Nasionale Park via Vryheid, Kuruman en Upington (Afstand: 850km).



Die oggend sesuur vertrek ons en die Venters uit Pretoria. So 50 km buite Pretoria onthou Hermien dat ons nie die satelietfoon ingepak het nie, en aangesien Elsie en Gert die behoefte gehad het om daaglik na die welvaart van hul kleinseun te verneem wat toe nog in 'n koma was na 'n baie hartseer motorfiets ongeluk, het ons toe maar besluit om om te draai en die satelietfoon te gaan haal by die huis. Gert en Elsie het toe stadig verder gery met die gedagte dat ons hul weer later sou inhaal. By Kuruman haal ons die Venters in en besluit ons om vinnig by die Wimpy iets te kry om te eet en te drink. Sonder enige verdere voorval bereik ons Augrabies Nasionale Park so teen vyfuur die middag. Groet die Schoemans en stel hul aan die Venters voor. Daarna slaan ons gou kamp op en braai 'n vleisie saam.



Dag 2, Sondag 16 April 2012, Van Augrabies Nasionale Park tot by Riemvasmaak se warmbron via die Maanrots, Ararat uitkykpunt, Oranje kom uitkykpunt, die Swartrante, Eggo uitkykpunt en Bloupits. (Afstand: 86km).

Die volgende oggend na ontbyt stap ons gou na die waterval vir 'n paar fotos. Die skade aan sommige van die uitkyk platvorms na die vorige vloed was nog duidelik sigbaar alhoewel werk om dit te herstel, reeds begin het.

Van hier is ons die park dieper in om sy ander juwele miskien selfs mooier as die valle te besoek. Ons eerste besoekpunt was die Maanrots, 'n groot ronde graniet koppie, met 'n pragtige uitsig oor die park. Nadat die nodige fotos geneem is het ons na Ararat uitkykpunt gery met sy ongelooflike uitsig oor die Oranjerivier ravine en natuurlik die besondere rotse gevorm deur eeue se erosie.



Een van drie kameelperde wat ons die oggend gesien het op pad na die Maanrots. Snaaks om een te sien lê.



Uitsig van Ararat uitkykpunt oor die Oranjerivier ravyn (stroom op).



Uitsig stroom af.



Snoopy met sy kop
op die grond





Bo die uitkykpunt by Oranjekom en onder die kom self.





Bo die Swartrandte waardeur die pad kronkel na Eggohoek hier onder.





Die pragtge blou en groen platakkedis.



Hierdie ou vriende is nie altyd so
welkom nie veral as hulle jou in die
ruskamp kom besoek. Sluit dus altyd
alle kos en vrugte toe, verkieslik in
jou motor se bak want hierdie
menere weet al hoe om 'n tent oop
te maak.

Ons vertrek hierna na Riemvasmaak en verlaat Augrabies NP en draai regs af na Bloupits toe by die T-aansluiting. By Blouputs gaan ons met die brug oor die Oranjerivier.



Die grondpad van Bloupits na Riemvasmaak se warmbron volg 'n roete met die mooiste landskappe, ru en bar.







By die warmbron aangekom gaan jy met 'n styl afdraande na onder verby die riethuisies wat jy kan huur na die drie kampeerplekke onder naby die warmbron self. Die warm bron is in 'n kloof geleë en bestaan uit 'n warmbad (so klein soos 'n jakuzi), 'n 4 meter deursnee ronde swembadjie en 'n kleiner natuurlike swemgat wat so 1.8m diep is en ongeveer 3m x 2m in grote. Toe ons besluit om die middag na ete te gaan swem daag daar 'n klompie plaaslike kinders op wat die swemplekke met ons wou deel, maak nie saak by watter swemgat ons gaan swem nie hulle trek saam en soos kinders natuurlik is spring en spat hul sodanig dat jy nie werklik die swem of kuier in die water kon geniet nie.





Die foto links is van die twee formele swembadjies met die natuurlike dieper swemgat net agter die rotse by die riete. In die regter foto, die rots formasie net bo die kampplek wat lyk soos 'n ma wat haar kind soen. Aangesien ons elk 'n kampplek bespreek en betaal het, was die kampterrein tot ons uitsluitlike gebruik beskikbaar en kon ons kamp by die lapa en toilet langs die kantoor. Die rede vir hierdie besluit was omdat die kampplekke onder in die rivierbed geleë is, en dus baie sanderig is en kan jy maklik vasval en ons het nie daarvoor lus gehad nie. Verder sou ons ook slegs die warmbron met die chalet bewoners moes deel en aangesien daar niemand was nie het ons die warmbron vir ons self gehad, of so het ons gedink. (Hierdie fotos was baie vroeg die oggend geneem.)





Die klipkind van die vorige bladsy se pa is eers teen sononder te sien met sy hoë voorkop, skerp neus en groot ken met 'n bakkebaard sou ek sê.



Dag 3, Maandag 17 April 2013, Van Riemvasmaak se warmbron na Rooiputs in die Kgalagadi Oorgrens Park via Keimoes, Upington, Spitskop Wildtuin en Ashkam. (Afstand: 410km).

By Spitskop wildtuin so 9km buite Upington op die pad na die Kgalagadi stop ons vir middagete en om die mooi uitsig bo vanaf Spitskoppie af te besigtig. Kalahari Monate Lodge net oorkant die pad behoort ook aan die Spitskop Natuur reservaat en bied netjiese oorslaap fasiliteite (kampplek en 'n paar chalets). <http://www.spitskopmonate.co.za/>



Aan die voet van Spitskop self is daar twee netjiese lapas. Een het selfs 'n swembad vir daardie bloedige warm somersdae.

By Ashkam koop ons vir ons elkeen 'n roomys en vul die voertuie met diesel en petrol.

Ons bereik die Kgalagadi se hek so 15 minute na vier. Boek in aan die Botswana kant, maar kan nie ons grenspos formaliteite afhandel nie want die Suid Afrikaanse Doeanes en Polisie is reeds huis toe vir die dag. Die Botswana emigrasie en doenabeamptes is steeds op diens maar hulle kan ons nie help voordat ons nie aan die Suid-Afrikaanse kant uitgeklaar het nie. Dit beteken ons kan wel ingaan en op Rooiputs gaan slaap maar sal die volgende oggend moet terugkom om die grenspos

formaliteite af te handel. Besprekings vir die Botswana kant van die Kgalagadi moet by die Botswana Department of Wildlife and National Parks in Gabarone gemaak word.

http://www.mewt.gov.bw/DWNP/article.php?id_mnu=181



Die Kgalagadi Oorgrens Park (KTP) is net so bekend vir sy spelerige grondeethoringkies as vir sy leeus en roofvoëls. Hulle kom oral voor en jy kan hul vir ure dophou.



Die statige man met sy manelpak en twee pragtige visstokke.

Net noord van Tweerivieren staan hierdie Kameeldoringboom, swaar gelaai met die versamelvoëlneste. Die outjie hier langsaan is een van die inwoners van hierdie gras woonstel blokke.



Die eerste skilpad wat ons in die Kgalagadi gesien het in 6 jaar.



Laat die middag net noord van Rooiputs teen een van die rooi duine vind ons 'n klompie leeus wat wag dat die son rustig sak. Gelukkig met ons eerste leeus, ry ons na ons kampplek by Rooiputs en slaan kamp op.








Rooiputs kampplek No.4 (KT-ROI-04) met sy kenmerklike A-raam afdakkie met sementvloer.

Byna al die kampplekke in KTP aan die Botswana kant het so 'n kuierplek met koelte. Selfs die leeu maak van tyd tot tyd in hoog somer van hierdie koelte gebruik as daar nie kampeerdere is nie.
Onthou al die kampplekke in KTP aan die Botswana kant het geen omheininge nie.



Nico en Elisma se netjies toegerusde Hilux waarmee hulle ook al wyd gereis het.

Dag 4, Dinsdag 18 April 2012, Van Rooiputs na Veertiende Boorgat Loop via die Auob rivierbed en weer terug via Kieliekrankie en Kij Kij watergat. (Afstand: 212km).



Bo die roete vir die dag maar ons moet eers weer terug na die ontvangs by Tweerivieren om ons paspoorte en doeane sake (jou motor en alle duur items) af te handel aangesien ons KTP aan die Botswana kant by Mabuasehube gaan verlaat. Onder, die agterkant van die KTP ontvangsgebou





Ons het op pad na Mata Mata pragtige troppe rooihartbeeste (bo) en blouwildebeeste (onder) teegekom. Die veld was ruig en pragtig na die laat somer reëns.





‘n Steenbokrammetjie (links bo), ‘n gompou (regs bo) en ‘n sekretarisvoël op soek na slange en geitjies om te eet, onder .





Bo: 'n Paar jong volstruisies

Onder: Springbokke die stapel voedsel vir jagluiperds en luiperds in die algemeen in die Kgalagadi





Die historiese plaashuisie by Auchterlonie met 'n uitsig oor die Auob rivier bed.


Die skaap of bokkrale by die huisie.





Die buite kookskerm en smidswinkel by Auchterlonie. Hier is ook toilette en braaiplekke met skadu vir jou motor by die huisie.






'n Grondkoggelmander met sy snaakse kort snoet.

'n Interessante Land Cruiser
kampeerder waargeneem
vanaf Auchterlonie op die
Tweerivieren / Mata Mata
pad.





Die kameelperde van die Auob rivier . Gewoonlik te kry in die rivierbed
so 25 - 35 km vanaf Mata Mata ruskamp tussen die bome.





'n Grondeethoringkie in die natuur se blomtuin.

Sonsondergang by Rooiputs die aand. Kyk net die ongelooflike kleure.



Dag 4, Dinsdag 18 April 2012, Van Rooiputs in die Kgalagadi Oorgrens Park na Polenswa Pan via Marie se loop en Nossob ruskamp.
(Afstand: 212km).

Die dag begin met 'n pragtige oggend en 'n verassing waarvoor ons net kon droom. So twee en drie kilometer van Rooiputs kampterrein af op die tweespoorpad na Kij Kij watergat kom ons vier jagluiperde teë wat stadig deur die veld aangestap gekom en hulle lui lekker hierlangs ons voertuie, teen die klip randjie, in die lang gras kom neer vlei. Nadat ons fotos geneem het die vier weer besluit om aan te beweeg. Wat 'n pragtige gesig, gesond, soepel en vaartbelyn



Onder: Twee van die vier katte van naderby.







Die piekniek en ablusie geriewe
by Dikbaardskolk piekniekplek
halfpad na Nossob ruskamp.





Bleeksingvalk

Bruinjakalsvoël



’n Jong berghaan

Dwergarend





Roofarend

Roofarend



Dwergvalk





Nossob Ruskamp
se inwoners








By Polentswa se kampplek No.1 (KT-POL-01) het ons darem soos by Rooiputs 'n "long drop" toilet en 'n stort skerm met 'n emmer en 'n gieterkop gehad. Jy moet maar jou eie drink en stort water saamry en gebruik aangesien die kamp geen water het nie.





Ons het ook laat die middag so teen sonsondergang besoek van die hoofwildbewaarder en sy span gehad wat ons permitte wou inspekteur. Hy is by Kaa hek gestationeer. Hulle het die aand daar naby in die veld geslaap en die oggend vroeg weer terug vertrek na Kaa hek.

Dag 5, Woensdag 19 April 2012, Polenswa 4x4 Roete : Van Polenswa Pan na Sesatswe Pan (Afstand: 105km).





Die pad na Sesatswe Pan voor jy nog by Kaa Pan verby ry.





Oral op die panne was gemsbokke en rooihartbeeste te sien in groot getalle.





Die onderste foto is 'n vergroting van die deel in die rooi sirkel. In die middel van die pan het die gemsbokke met tyd vir hul 'n watergat oop gekrap en kom hul van vêr om hier te drink.



'N BELANGRIKE WAARSKUWING!!!



Die wrak van 'n uitgebrande Landrover Defender. (Ons het ook al Prados en Jeep Wranglers tegeekom wat uitgebrand het). Jou grootste vyand wanneer jy hier ry is die droë gras en grassade wat onder jou voertuig versamel terwyl jy ry. Sodra jy stop, steek die warm uitlaatpyp hierdie fyn grassies onder aan jou voertuig aan die brand en in 'n oogwink staan jou hele voertuig in ligte laaie.

Stop dus gereeld en haal alle gras wat onder jou voertuig versamel het, uit met 'n stukkie bloudraad met 'n hak vooraan, voordat dit kan opbou. Die gevaarlikste plek is tussen die voertuig se bak en die hitte skermplate wat jou voertuig teen die hitte van die uitlaatpyp moet beskerm.

Moet ook nie op 'n tweespoor paadjie stop met lang droë gras wat op die middelmannetjie groei nie. Ry 'n entjie verder aan waar daar nie gras op die middel mannejie is nie. Onthou ook jou vriende agter jou. As jy stop moet hulle ook stop en dieselfde geld vir hulle as vir jou so soek 'n groterige oopkol as jy stop.

Maak ook elke aand jou verkoeler voor skoon van die grassade anders gaan jy gou agterkom jou voertuig begin kook. Ry dus hier met 'n saadnet voor jou verkoeler om so veel as moontlik sade te keer voordat hul in jou verkoeler ingaan! Dit is soms moeilik om van hierdie sade as hul eers saamgepak het uit die kern van jou verkoeler te kry, maak dus eerder gereeld skoon.



“Sweef soos ‘n arend”

Die roofarend (bo) met sy vlerkspan van ongeveer 1.8m en ‘n blouvalk (onder), beide gedugte jagters.









Sesatswe Pan soos gesien vanaf die kampplek .





Geen water, toilet of stort geriewe is hier beskikbaar nie, jy moet dus ten volle selfversorgend wees hier by Sesatswe.



Dag 6, Donderdag 20 April 2012, Polenswa 4x4 Roete : Van Seseswa Pan na Lang Rambuka Pan (Afstand: 101km).

Die nag by Sesatswe was 'n nag om te onthou. Die vorige aand so teen 18h00 het 'n leeumannetjie ons duidelik oor die pan laat verstaan dat hy die koning hier rond is. Elke nou en dan het ons weer die diep brul gehoor maar elke keer 'n bietjie nader. Teen 20h00 besluit Nico en Elisma dat die gebrul nou te naby raak vir hulle en saam met Gert en Elsie besluit hulle om die veiligheid van hul daktente te gaan opsoek. Ek en Hermien het tot so 21h00 by die vuur gekuier en daarna maar ook besluit om verder in die bed te gaan lees. So teen 22h30 het ons die lig in die kamper afgesit en gaan slaap. So teen 24h00 stap drie leeuwyfies die kamp binne en ondersoek die voertuie en besluit om daar by ons te kom kuier. Teen die tyd was die daktent bewoners almal wakker en baie ongemaklik met ons gaste. Die mannetjie het besluit om buite die kamp te bly. Op 'n stadium het een van die wyfies op gemerk dat Gert sy daktent se oortreksel in die boom langs hul voertuig in een van die hoër mikke gehang het. Natuurlik 'n goeie uitdaging en gou-gou het sy probeer om die oortreksel uit die boom te haal. Gert het ook besef as sy die oortreksel eers uit die boom het daar van hom niks sal oorbly nie. Hy loer toe doodluiters by die daktent uit met sy kopliggie aan en sê toe so ewe sjoes weg is jy. Oorbluf het die wyfie 'n paar tree weg gestap en daar gaan lê. Maar nie te lank nie of sy besluit dat die nuskierigheid haar nou opvreet en sy moet tog maar weer gaan kyk wat hang in die boom. Die keer moes Gert met mening haar wegjaag en moes hy effens uit die daktent klim. Sy het toe maar die aftog geblaas en onder die boom by die ander gaan lê. Ons kuiergaste is toe eers 5h15 die volgende oggend daar weg. Ek en Hermien het deur die hele patalje geslaap. Die volgende oggend toe ons 6h00 opstaan was die ander al op en aangetrek en was hulle maar vaal sonder enige slaap die nag.

Orals was voetspore in die sand tussen die voertuie maar niemand het 'n foto van die leeus as sulks geneem nie. Na ontbyt het ons toe maar die pad gevat na ons volgende kamp by Lang Rambuka Pan.





Die toegangshek by Kaa aan die noordekant van die Kgalagadi. Die hoofwildbewaarder wat ons hier inwag was deel van die spannetjie wat ons by Polenswa besoek het en ons permitte deur gekyk het. Baie vriendelik en behulpsaam. Het ons van die res van die pad vertel en was ook opgewonde om van ons vorige nag se opwinding te hoor.





Die pad na Lekakape Pan





Dit bly spesiaal om om jou rond te kyk. Kyk net die interessante plante wat hier in die sand groei.





Die tweede groot trop elande wat ons teëkom in die Kgalagadi. Hier was seker tussen 100 en 150 stuks bymekaar.






Bo: 'n Baie mooi jong elandkoei

Onder: 'n Steenbokooi







Weer eens geen toilet of stort geriewe by Lang Rambuka se kamplek nie.

Dag 7, Vrydag 21 April 2012, Polenswa 4x4 Roete : Van Lang Rambuka Pan na Nossob Kamp via Union's End.
(Afstand: 236km).

So half pad tussen Lang Rambuka Pan en die Nossob / Union's End pad kry jy hierdie styl duintjie met 'n effense draaitjie aan die onderkant en diep sagte sand. 'n Bietjie spoed in derderat laebestek was die 4.2 D Land Cruiser se enigste keuse.



Die laaste stukkie van die Polentswa 4x4 roete was somer lekker nat na die oggend se reën.



‘n Natgereënde, gevlekte ooruil

Oppad Union's End toe kom ons hierdie vriendelike en neuskierige gevlekte hiënas tee.









'n Gompou besig om
te pronk



'n Grootrooivalk



'n Onvolwasse bleeksingvalk



Die span by Unions end en Hermien by haar Land Cruiser Kampeerder.





Oppad terug na Nossob ruskamp.





En ons laaste leeu van die toer. 'n Groot mannetjie met heelwat jare agter die blad.

Dag 8, Saterdag 22 April 2012, Nossob Kamp na Mabuasehube se Mapayathuthlwa Pan Kampplek Nr.1 (KP-MPA-01) via Bosobogolo Pan.
(Afstand: 194km).



Nege jong waaierstert grondeekhoringkies het ons die oggend in Nossob se kampterrein, versigtig dopgehou vanuit die ingang van hul nes, natuurlik onder die wakende oog van een van die ma's.
Hulle bly maar nuuskierige diertjies vol mannewales.





Ons ander bure was 'n paar witkwasmuishonde wat natuurlik net so nuuskierig is as hul maters.





Bo: Geelbek neushoringvoël

Links onder : 'n Gewone trou pant

Regs onder: 'n Rooibekfisant





Ons wag net vir die ander om gou hier by Nossob vol brandstof te maak sodat ons die lang pad na Mabuashube kan aanpak. Die volgende brandstof is nou eers weer by Jwaneng te vinde.



Wees versigtig as jy oor die duintjies gaan want hierdie is 'n tweerigting pad, daar mag dalk 'n ander voertuig van voor af kom.





Middagete by Matopi No.2 (KT-MOT-02). Hier is geen fasiliteite nie en ook geen “longdrop” nie.

Wanneer jy hierdie pad aanwyser by ‘n T-aansluiting op die tweespoor vanaf Nossob teëkom, weet jy jy is nou in Mabuasehube.





Ons was verras om die middag by Mpayathutlwa Pan 'n reuse trop van meer as twee honderd springbokke op die pan te sien wei. Op die foto hier onder is die troppie net te vêr om hulle duidelik te kan sien.





Ons kampplek by Mpayathutlwa Pan (KT-MPA-02) met sy pragtige uitsig oor die pan met sy trop springbokke. Die toilet het al 'n paar besoeke van leeus gehad soos aan die sitplek te siene is. Maak dus seker as jy die toilet wil gebruik dat jy nie dalk 'n besoeker daarin verras nie. Kyk onderdeur vir vreemde voete.





Dag 9, Sondag 23 April 2012, Mabuasehube na Khutse Wild Reservaat via Khakhea, Jawaneng, Molepolole, Lethlakeng (jou laaste geleentheid vir brandstof voor Khutse, maak hier vol as jy Sentraal Kalahari Wild Reservaat ook gaan besoek). Weer 'n baie lang dag se ry. (Afstand: 589km).



Wanneer jy Mabuasehube se hek verlaat draai jy skerp links en ry vir 16km in dik sand al langs die wild reservaat op en dan draai jy op hierdie reguit twee spoor wat nogal redelik sinkplaat was en hou dan reguit oos vir 109km to by Khakhea. Daarna is dit teerpad tot by Lethlakeng.



Ons het so teen vyfuur se kant by Khutse Wild Reservaat se hek opgedaag na nog 'n 100km se rowwe pad vanaf Lethlakeng. (Die hek sluit om 19h00 uur.)





Ons kampplek by Khutse Pan (KH-KHU-05).



Dag 10, Maandag 24 April 2012, Khutse Wild Reservaat, van Khutse Pan na Moreswe Pan, via Molosi Pan
(Afstand: 74km).



Die Cruiser op die Steenbokskeurkring in Khutse Wild Reservaat.





‘n Troppie springbokke naby Molotsi Pan se watergat.

Kameelperde wat sommer naby ons kampplek by Moereswe Pan se watergat kom waterdrink het.





Moreswe Pan kampplek No.2



Die manne besig om reg te maak om die dag se brood in die oond te sit.



Gert se netjiese wa. As jy die daktent se seil wat tydelik agter in gebêre is uithaal dan is niks agter in die bak hoër as die seëgroen kratte nie. Die voertuig se tweede spaarwiel is ook agterin en pas styf teen die bestuurder se kajuit. Gert het ook vir hierdie rit twee 20L jerry kanne saam gery. Dit is nou hoe jy met die minimum kan klaarkom. Ou stappers.



Swaelstertbyvreter



Swartstertkorhaan



Bo: Nie seker nie

Onder: 'n Gevlekte sandpatrys maak reg om water te drink.





Eindelose
kilometres van
diep sand en
waarlangs elke
bos poog om
nog 'n grap of
twee op jou
voertuig te sit.





Ons het darem hierdie pragtige koedoebul langs die pad gekry.

Ons het heelwat van hierdie klein skilpaadjies langs die pad gekry. Party keer in die diep spore dan moet jy maar stop en die outjie uit die spoor help.



Die afdraaihoordjie vir
Xaxa kamp.

Die pad na Xaxa kamp
nadat ons afgedraai het.
Net nog 15 km en die
dag se drama was verby.





'n Roofarend in een van die bome teen die kamp. Daar was minstens drie neste in die bome rondom die kamp.

Die arende se kospakkies was orals om die kampplek te sien.





Teen skemer het 'n bruinhiëna die watergat kom besoek. Baie versigtig en sku.






Die watergat by Xaxa kamp. Skemer en vroeg oggend het duisende duiwe hier kom water drink.

Xaxa kampplek No.2 (CK-XAD-02). Nico se kampvuur reeds aan die brand.



Dag 12, Woensdag 26 April 2012, Sentraal Kalahari Wild Reservaat Xaxa Kampplek na Piper's Pan Kamp No.2 via Zade hek.
(Afstand: 144km).



Die oggend het weereens begin met 'n bietjie drama. Terwyl ons die oggend van Xaxa kamp weg ry oppad na die Zade hek / Khutse tweespoorpad roep Elisma ons oor die radio en vra of ons ook die afdroogdoeke teen die struik langs die pad gesien hang het. Waarop ons negatief geantwoord het. Die volgende oomblik is daar 'n slag en ons stop onmiddellik. Met die daarop volgende inspeksie buite die voertuig kom ons agter dat die kombuis se deur oppad oop gegaan het, die kombuis op sy glybane uit geskuif het en toe deur die eerste boom langs die pad uit die Land Cruiser geruk is. Die kombuis het nog net aan die gasstafie se pyp gehang. Beide Hermien en myself was ontsteld en hartseer oor die ongeluk maar ons het die flenter stukke van die kombuis weer netjies terug gesit met Gert se hulp en toe maar weer verder gery.

Die troos was dat, weergawe twee van die kombuis 'n groot verbetering was op die eerste weergawe wat deur die boom vernietig was. Dus geluk by die ongeluk!

Nie vêr op die Zadehek / Khutse pad kom ons weereens 'n groot trop elande af. Ons kon dit nie glo nie, drie keer elande op een reis. Gewoonlik sien ons hulle glad nie.



Hierdie redelik nuwe trekker staan in die middel van die pad geparkeer. Voertuie wat hierdie tweespoorpad gebruik het reeds twee ompaaie om die trekker begin ry. By verdere navraag by Zade hek word ons ingelig dat die trekker nou al meer as 'n maand daar staan en dat hul vir 'n werktuigkundige wag om vas te stel wat hom makeer.





Die ablusie geriewe by Zade hek is baie netjies. Hier vra die dames 'n Duitse dame uit oor die toestand van die pad wat nog voorlê Piper's Pan toe.

Weereens 'n mooi troppie gemsbokke langs die pad.





Weereens 'n hartseer gesig, 'n uitgebrande vierdeur Jeep Wrangler.

'n Bleeksingvalk in vlug.





Kalahariwipstert



'n Boskorhaan



Die gewone tarentaal



Die witrugasvoël.

Die swartaasvoël



Dit lyk soos 'n onvolwasse witrugasvoël










Piper's Pan en Piper's Pan watergat. Ons het nogal min diere hier gesien.





Ons slaapplek vir die nag - Piper's pan Kamp No.2 (CK-PIP-02)

Dag 13, Donderdag 27 April 2012, Sentraal Kalahari Wild Reservaat Piper's Pan Kamp No.2 na Sundays Pan Kamp No.2 via Lletiahau watergat, Deception Pan en Deception vallei (Afstand: 115km).



Die tweespoor na Sunday's Pan.



Ons het orals groot troppe springbokke langs die pad gekry.



‘n Swartrugjakkals, ‘n skaapboer se nagmerrie.



Groot rooivalk


Sekretarisvoël opsoek na slange en akkedisse.





Bakoorjakkalsies.
Seker die mooiste
van al die jakkalse.
Selfs die boere
hou van hulle.





Kameelperde, Hermien se gunsteling onder die soogdiere.





Snaaks om 'n kameelperd te sien eet van die grond af.

'n Gompou





Deception pan.







Koningblousysie



Koringvoël



Baardmannetjie



Gevlekte ooruil.

Rooiborslaksman.





Swartpiek



Mikstertbyevanger

Ons voëlvriende wat vir ons by die watergat kom kuier het.

Geelvink wyfie



Rooioogtiptol





Blouwildebeeste en springbokke by Sunday's Pan se watergat.





‘n Pragtige springbokram en kudu ooie by Sunday’s Pan watergat.





‘n Gemsbok oppad watergat toe.



Ons kampplek by Sunday's Pan (CK-Sun-02) was so drie kilometer van die watergat. Kampplekke 3 en 4 is bymekaar en so 800m vanaf die watergat tussen'n klompie bome.

A wide-angle photograph of a savanna landscape. In the foreground, there is a dirt road that splits into two paths, leading towards a line of acacia trees on the horizon. The ground is covered in dry, yellowish grass. The sky is clear and blue.



Matswere hek. As jy die sentraal Kalahari Wild Reservaat hier verlaat is petrol en diesel so 46 km weg by Rakops te kry. Die pad is 'n twee spoor wat nie te sleg ry nie behalwe vir die laaste 10-12 km.

Mopipi vlakte





Oppad na Kubu (of Lehkubu) eiland. Die eerste blik op Suda Pan



Die afdraai merker vir Kubu Eiland.

Alwyne en hoodia plante groei hier
en daar in die veld oppad na Kubu
net voor jy die pan kry.





Op Suda Pan kry jy hierdie graf van die onbekende. Iemand het dit vir die grap gemaak en nou is dit 'n baie bekende baken.

Hermien se Cruiser op Suda Pan





Die besoeker se eerste blik op Kubu Eiland.

Die pad om die eiland begin by hierdie gedenkplaat.





Een van die groot kremetartbome op die eiland.

Baie jare gelede het van die tydelike inwoners van die eiland hierdie klipskans op die eiland gebou.











Sonsondergang op Kubu eiland is altyd ongelooflik en 'n mens kan net nie anders om weer terug te kom om hierdie stukkie unieke natuurskoon weer te kom beleef nie. Kubu eiland het so 'n spirituele gevoel aan hom.





Kleinglansspreeu

Dag 15, Saterdag 29 April 2012, Kubu eiland na Pretoria, vir ons via Letlhakane, Palapye, Martinsdrif (Botswana) / Groblersbrug (RSA) grenspos en Potgietersrus. (Afstand: 798km).





'n Laaste blik op Kubu en toe moes ons die lang pad weer terug huis toe neem. Vir ons een dag se ry maar vir Nico en Elisma twee lang dae se ry. Wat 'n wonderlike twee weke saam met vriende.



TOERKOSTE BERAMING PER VOERTUIG

Rev. 02

19-03-2012

ITEM No.	PLEK	UITGAWE	KOSTE PER ITEM	AANTAL	TOTAAL	KOSTE PER PAAR
1.	Augrabies Nasionale Park	Kampeerplek (1 nag, prys sluit slaapplek vir 2 persone in)	R 165.00	2	R 330.00	R 110.00
2.		Slaapplek Addisionele volwassenes	R 58.00	2	R 116.00	R 38.67
3.		Dagfooie (2 dae, 6 persone)	R 27.00	6	R 162.00	R 54.00
4.	Riemvasmaak	Kampeerplek - 2 persone	R 50.00	3	R 150.00	R 50.00
5.		Slaapplek Addisionele volwassenes	R 45.00	1	R 45.00	R 15.00
6.		4x4 Roete	R 150.00	3	R 450.00	R 150.00
7.		Voertuigfooi per dag	R 35.00	3	R 105.00	R 35.00
8.	Spitzkop Natuur Reservaat	Toegangsgeld	R 60.00	6	R 360.00	R 120.00
9.	Kgalagadi Oorgrens Park	Dagfooie Botswana - 6 dae, 6 persone	BWP 20.00	36	BWP 720.00	R 1 318.64
10.		Voertuigfooi Botswana - 6 dae, 3 voertuie	BWP 4.00	18	BWP 72.00	
11.	Kgalagadi Oorgrens Park - Rooiputs	Slaapplek - 2 nagte, 6 persone	BWP 30.00	12	BWP 360.00	
12.	Kgalagadi Oorgrens Park - Polentswa	Slaapplek - 1 nag, 6 persone	BWP 30.00	6	BWP 180.00	
13.	Kgalagadi Oorgrens Park - Sesatswe	Slaapplek - 1 nag, 6 persone (4x4 roete)	BWP 200.00	6	BWP 1 200.00	
14.	Kgalagadi Oorgrens Park - Lang Rambuka	Slaapplek - 1 nag, 6 persone (4x4 roete)	BWP 200.00	6	BWP 1 200.00	
15.	Kgalagadi Oorgrens Park - Nossob	Kampeerplek - 1 nag	R 180.00	2	R 360.00	R 120.00
16.		Slaapplek Addisionele volwassenes	R 58.00	2	R 116.00	R 38.67
17.		Dagfooie - 1 dag, 6 persone	R 48.00	6	R 288.00	R 96.00
18.	Kgalagadi Oorgrens Park - Mabuasehube	Slaapplek - 1 nag, 6 persone	BWP 30.00	6	BWP 180.00	
19.	Khutse & Sentral Kalahari Wild Reservaat	Dagfooie Botswana - 5 dae, 6 persone	BWP 120.00	30	BWP 3 600.00	R 1 558.20
20.		Voertuigfooi Botswana - 5 dae, 3 voertuie	BWP 50.00	9	BWP 450.00	
21.	Sentral Kalahari Wild Reservaat - Xaxa	Slaapplek - 1 nag, 6 persone	BWP 30.00	6	BWP 180.00	
22.	Khutse Wild Reservaat - Khutse	Slaapplek - 1 nag, 6 persone	BWP 168.00	6	BWP 1 008.00	R 1 424.64
23.	Khutse Wild Reservaat - Moreswe	Slaapplek - 1 nag, 6 persone	BWP 168.00	6	BWP 1 008.00	
24.	Sentral Kalahari Wild Reservaat - Piper's pan	Slaapplek - 1 nag, 6 persone	BWP 168.00	6	BWP 1 008.00	
25.	Sentral Kalahari Wild Reservaat - Sunday's pan	Slaapplek - 1 nag, 6 persone	BWP 168.00	6	BWP 1 008.00	
26.	Kubu Eiland Gemeenskaps kampterrein	Toegangsfooi - 6 persone	R 74.20	6	R 445.20	R 148.40
27.	Khama Rhino Wild Reservaat	Slaapplek - 1 nag, 6 persone	R 262.88	3	R 788.64	R 262.88
28.	TOTAAL VIR VERBLYF EN UITSTAPPIES :				R 16 620.28	R 5 540.09

29.	TOTAAL VIR BRANDSTOF :	5000 km @ 7.5 km/l @ R11.60/l	R 7 733.33
30.	TOTAAL VIR KOS, KOELDRANK EN SNUISTERE 14 dae @ R150/dag:		R 2 100.00
31.	GROOT TOTAAL :		<u>R 15 373.43</u>
32.	KOSTE PER DAG PER PERSOON :		R 549.05

Ons R550/dag plus brandstof was 'n redelike goeie raming : 14 dae @ R550 = R7700 + R7733 = R15433
en maak dus voorsiening vir alle uitgawes (kos, slaapplek, brandstof, etc.)